28 Apr.

Uitgawe 2010/04/28

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare! (**Jer.15:16**). Ons identiteit in Christus word konstant getoets. Dit is een van die vyand se grootste taktieke. Hy het dit selfs gebruik om Jesus in die wildernis te toets. Jesus het sy plan teengestaan met die Woord van God, en elke keer gesê "Daar is geskrywe..." Die enigste manier vir ons om standvastig te wees, is om in die Woord van God gegrond te wees, sodat selfs wanneer ons getoets word, daar vreugde en vrolikheid in ons harte sal wees. ***Hemelse Vader, baie dankie vir U geskrewe Woord. Help ons om tyd in U woord te spandeer en om toe te laat dat U woord ons siel verkwik.*** (**Ps.19:7-11**).

Deurbraak : Duisende droom van Jesus

In Tehran, die hoofstad van Iran, is daar duisende Moslems wat volgelinge van Jesus geword het oor die afgelope paar maande. Hulle vergader in onwettige huiskerke. Dit is die verslag van 'n Iranese pastoor wat in Duitsland bly. Iranese vriende het haar vertel dat Jesus aan mense verskyn het in drome, en in 'n aantal gevalle van siektes, was daar wonderbaarlike genesings. Die nuwe gelowiges in Iran is dapper en praat meer openlik oor hul geloof. Daar word beraam dat daar in Tehran alleenlik byna 100 000 Christene is. Terselfde tyd neem die onderdrukking toe. Moslems wat getuig van Jesus word gearresteer en gemartel sonder enige rede. Sommige het net spoorloos verdwyn. (E-pos: info@joelnews.org, 22/04/10). ***Prys die Here vir wat Hy onder die Moslems doen. Bid vir die Vervolgde Kerk van Iran. Bid dat gelowiges gegrond sal wees in hul geloof in hierdie tyd waar hulle vervolg word.***

Bid vir jou gemeenskap : Selfmoord

Byna 1 miljoen mense pleeg jaarliks selfmoord. Vir die ouderdomsgroep van 15-34 jaar, is selfmoord een van die drie vernaamste redes van sterftes in alle lande. Dit is onseker hoeveel pogings tot selfmoord daar is voor elke selfmoord. Navorsing wys daarop dat dit tussen 10 en 20 keer kan wees. Oor die algemeen is daar meer selfmoord pogings onder vroue en jongmense. Navorsing bewys ook dat bykans 80 persent van pogings tot selfmoord deur duidelike waarskuwings voorafgegaan is. (Webruimte: http://web4health.info/en/answers/bipolar-suicide-statistics, 22/04/10). ***Vra die Here om mense te verlos van die web waarin hul gewikkel is om hul eie lewens te neem. Vra die Here om elke stem stil te maak wat mense teister met woorde soos "Jy is nikswerd.", ens. Vra dat God se waarheid elke gevangene sal vrymaak van die kloue van selfmoord.***

Suid-Afrika : Beveg kinderpornografie

Die *Departement van Binnelandse Sake* gaan R15 miljoen spandeer om die publiek bewus te maak om kinders te beskerm teen pedofiele en kinderpornografie voor die Sokker Wêreldbeker. Hierdie besluit gaan hand aan hand met die regstelling van die Film en Publikasie Wet wat die gebruik van kinders in pornografie onwettig maak. (Webruimte: http://www.sabcnews.co.za/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=ec598904adff7210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default&channelPath=South Africa >> Social, 15/04/10). ***Prys die Here vir die persone in leierskap van hierdie land wat bereid is om onskuldige en kwesbare mense te beskerm. Bid dat Suid-Afrikaners sal waak oor hierdie situasie deur vas en gebed.***

Internasionaal : 90-dae vas vir land

In 2009 het Ernest Bai Koroma, die Christen president van Sierra Leone, sy land geroep om deel te neem aan 'n 90-dae vas. Aan die einde van daardie seisoen, het hy Sierra Leone aan God toegewy by 'n seremonie in 'n volgepakte stadion. Hierdie jaar het hy weer gevra dat almal sal vas van 20 April tot 19 Julie 2010. Hierdie keer oorweeg hy dit dat sy land 'n verbond met God moet sluit. Dit is die verslag van die Nederlandse gebedsleier Pieter Bos, wat genooi was om te help met die voorbereidings vir die landwye vas. Moslem leiers ondersteun die gebedsinisiatief en het selfs die span gevra om vir hulle te bid. Die span het op 'n 1 400km reis gegaan deur die land het met die president gepraat, drie leiers van die regering, 5 burgemeesters, verskeie leiers van stamme en geestelike leiers in agt stede. Pieter kon die betekenis van wat dit is om 'n verbond met God te sluit, die belangrikheid van belydenis, gebed en eenheid aan elkeen verduidelik. Tien jaar na die burgeroorlog, is dit 'n nuwe seison vir Sierra Leone. (E-pos: missionscatalyst@calebresources.org, 21/04/10). ***Dank die Here vir die nuwe seisoen in Sierra Leone. Vra die Here om Sy waarheid aan elke leier te openbaar deur die werking van die Heilige Gees. Bid dat elke persoon in die land aangeraak sal word deur God se krag in hierdie vastyd en ook daarna.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com